**Maandag 2 Oktober**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:28**
**Gemeenskaplike roeping**

Gister het ons gelees hoe God die mens geskep het om in God se skepping werksaam te wees. Selfs al leef ons in ’n gebroke samelewing, kry elkeen van ons steeds die opdrag om oor dít waaroor ons aangestel is, te heers. Wanneer ons egter Genesis 1:27, 28 noukeurig lees, dan kom ons agter dat God nie die mens in isolasie geskep het nie, maar in gemeenskap met mekaar.

Kort nadat God vir Adam geskep het, gee God vir hom ’n hulp wat by hom pas (Gen. 2:18, 21-23). Daarom is dit ook opvallend dat God nie nét vir Adam die skeppingsopdrag gee nie, maar vir Adam én Eva. *“God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: ‘Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor al die diere wat op die aarde kruip.’”*

Wanneer ons dan ons roeping op aarde uitleef, dan doen ons dit nooit alleen nie, maar in gemeenskap met mekaar. Eerstens in die huwelik, maar ook in die geloofsgemeenskap. Al verskil ons rolle en gawes dalk van mekaar, bly dit ’n gesamentlike roeping waarmee God ons roep (vgl. Kol. 3:18, 19; 1 Kor. 12:12-27). Regdeur die eeue gee God nie vir individue opdragte nie, maar vir sy Verbondsvolk (vgl. o.a. Gen. 17:7-9).

Jesus Christus sterf ook nie net vir die sonde van een of twee nie, maar vir ál God se uitverkore kinders. *“So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en om sy lewe te gee as losprys vir baie mense” (Matt.* 20: 28). Mag Christus se liefde ons dryf om mekaar in liefde te aanvaar en sáám ons roeping tot sy eer uit te leef.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1 3*
*Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)*